

# 'n Algemene belydenis van die sondes en 'n gebed voor die preek op sondag en op vas-en biddae

O ewige God en allergenadigste Vader, ons verootmoedig ons uit die grond van ons hart voor u hoe majesteit waarteen ons so dikwels en so gruwelik gesondig het, en ons erken dat as U met ons in die gerig wil gaan, ons niks anders as die ewige dood verdien het nie. Want behalwe dat ons almal deur die erfsonde voor U onrein en kinders van die toorn is, in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore, waardeur allerhande bose luste in ons woon, wat teen U en ons naaste stry, het ons nog bowendien met die daad u gebooie dikwels en sonder ophou oortree deur na te laat wat U ons beveel het en te doen wat ons uitdruklik verbode was. Ons erken, en dit is ons van harte leed, dat ons almal soos skape gedwaal en grootliks teen U gesondig het; ja ons bely tot ons vernedering en tot roem van U ontferming oor ons, dat ons sondes meer is as die hare van ons hoof en dat ons tienduisend talente skuldig is, terwyl ons niks het om te betaal nie. Daarom is ons ook nie waardig om u kinders genoem te word of ons oë na die hemel op te slaan om ons gebede voor U uit te spreek nie. Nogtans, o Here God en barmhartige Vader, weet ons dat U nie die dood van die sondaar begeer nie, maar dat hy hom bekeer en lewe, en dat U barmhartigheid oneindig is wat U bewys aan diegene wat hulle tot U bekeer. Ons roep u van harte aan in die vertroue op ons Middelaar Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, en bid U om medelye met ons swakheid te hê deur ons al ons sondes om Christus wil te vergewe. Was ons in die suiwere fontein van sy bloed, dat ons rein en wit soos sneeu mag word. Bedek ons naaktheid met sy onskuld en geregtigheid ter wille van die eer van u Naam. Reinig ons verstand van alle blindheid en ons harte van alle moedswil en hardnekkingheid. Open nou die mond van u dienaar en vervul dit met u wysheid en kennis, dat hy u Woord suiwer en vrymoedig kan verkondig. Berei ook die harte van ons almal, sodat ons dit kan hoor, verstaan en bewaar. Skryf u wette, volgens u belofte, in die tafels van ons harte en gee ons lus en krag om daarin te wandel, tot roem en eer van u Naam en tot stigting van u gemeente.

Dit alles, o genadige Vader, bid en begeer ons in die Naam van Jesus Christus wat ons geleer het om aldus te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,  
laat u Naam geheilig word,  
laat u koninkryk kom,  
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood,  
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en  
lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.